Kindness Pollen

{Spreading kindness the way ladybugs would spread pollen}

Oor musiek

'n liedjie vertel gewoonlik 'n storie en wanneer dit gesing of gespeel word, vul dit elke nou-oomblik met klanke, terwyl dit ook hoop om iemand te inspireer wat daarna sal luister, so asof musiek vorentoe leun in afwagting, sê die digter en skrywer John Berger. Musiek het dus die vermoë om in die verlede, die hede, en die toekoms 'n verskil te maak in mense se lewens. Ek loop nou die dag laatmiddag in by 'n winkel vir 'n paar kosbenodighede. Dis koud en nat buite, maar voor die winkel staan 'n vriendelike jong man. Hy speel sagte strelende klanke op sy kitaar vir almal om te hoor. Daar is wel 'n oop kitaarboks vir enige-een se dankie sê sente, maar dit lyk nie of dit sy hooffokus is nie. Terwyl hy speel gesels hy vriendelik met 'n bejaarde tannie en oom en ek kon sien hulle vra hom uit oor sy liefde vir musiek. Almal wat verbyloop glimlag, die musiek is mooi. Dit is so dat ons meestal moet werk vir inkomste, maar, ons het terselfdertyd ook die vermoë om iemand met deernis aan te raak deur ons werk. Die hele ervaring voor die winkel het my ook laat wonder hoe ek 'n sagtheid kan oordra aan ander wat nie noodwendig direk met my te doen het nie. Met ander woorde, 'n "kindness" wat versprei soos mooi musiek. Miskien kan musiek ons help om brûe te bou tussen mense, so versprei deernis dan deur middel van note, rusposes en ritmes.

Hoe klink jou deernis liedjie?



Deernis projekte:

MusicWorks is a Non-Profit Organisation partnering with communities in Cape Town's marginalised neighbourhoods. This NPO uses the power of music to unlock potential in the lives of children and their communities. Have a look here at what they do https://musicworks.org.za/wpmusicworks/ and listen on the website to the beautiful song His is how music works', written and composed by Lize Beekman.

Kindness tip for the month

Our vocation has the power to spread kindness.

Journal activity:

Musiek is 'n manier om te kommunikeer. Maak 'n lys van jou gunsteling musiek wat 'n deernis boodskap dra. Stuur een van jou keuses as 'n YouTube link aan vir iemand waarvoor jy lief is of wat die lirieke nodig het.

thymeevents.co.za

@lilibeth_thyme

Musiek is 'n manier van kommunikeer en kan ons help om brûe te bou tussen mense, so versprei deernis deur middel van note, rusposes en ritmes – Liesl